



DIE KRUISIGING – WINFRIED LÜDEMANN

Inleiding: Die ware lig; Strofe 1: Vervul, o Heer, my hart met stille wyding; Toneel I: Jesus word gevangene geneem; Strofe 2: Hoe wonderbaar, die Herder gee sy lewe; Toneel II: Jesus word verloën; Strofe 3: Wat is die oorsaak, Heer, van al die lyding?; Toneel III: Jesus verskyn voor Pilatus; Strofe 4: Gevonniss word die Vrome; Toneel IV: Jesus word aan die skare voorgestel; Strofe 5: O sien die Mens!; Toneel V: Jesus word veroordeel en gekruisig; Strofe 6: Ek sien U, Heer; Toneel VI: Jesus sterf aan die kruis; Strofe 7: O Heiland, U't gely vir ons versoening; Toneel VII: Jesus word begrawe; Strofe 8: As ek beangs en skuldig voor U bewe; Slot: God het die wêreld so liefgehad.

Nick de Jager (solis: verteller); Conroy Scott (solis: Jesus); Keaton Manwaring (solis: Petrus/wag/slaaf); Minette du Toit-Pearce (solis: diensmeisie); Ensemble AmaCantus (sopraan: Dorothea Jakob; mezzo-sopraan: Jenni Reineke; alt: Katharina Georg; tenoor: Leonhard Reso; bariton: Ferdinand Junghänel; bas: Fabian Hemmelmann; dirigent: Martin Berger).

Afrikaanse, Engelse en Duitse kommentaar ingesluit.
Opname: Endlersaal, Stellenbosch.

Hierdie werk deur Winfried Lüdemann is 'n musikale passie volgens die Evangelie van Johannes. Dié werk is gekomponeer met die doel om die tekort aan 'n Afrikaanse passie aan te pak. Dit is in 2016 voltooi en in 2017 vir die eerste keer tydens die Woordfees uitgevoer onder leiding van Martin Berger, aan wie hierdie komposisie opgedra is. *Die Kruisiging* dien ook as Lüdemann se bydrae tot die 500-jarige viering van die Hervorming.

Hierdie werk sluit aan by die twintigste-eeuse herlewing van passies wat gevolg het op die alombekende Barokpassies, spesifiek dié van J.S. Bach. Die sewe tonele wat aangevul is met variasies op "Vervul, o Heer, my hart met stille wyding" bevat rolverdelings soortgelyk aan die drie Duitse passies van Heinrich Schütz. Die rolverdeling is soos volg: verteller (tenoor); Jesus (bas); wag (tenoor); diensmeisie (sopraan); skare (ensemble). Die werk sluit aan by die a cappella-toonsettings in die Protestantse tradisie met tussenspele vir solo-klarinet. Die klarinet-tussenspele is egter nie op die CD opgeneem nie.

Lüdemann se keuses van stemverdelings kan aanvanklik vir sommige onkonvensioneel voorkom, maar ek ervaar 'n dieper betekenis agter die stemkeuses. Alhoewel 'n mens dalk sal verwag dat die rol van Jesus, as gesagsfiguur, deur die tenoor vertolk word, is Jesus in die konteks van die kruisiging tydelik gestroop van gesag. Dit word gereflekteer deur vir Jesus 'n basstem te gee wat in klassieke operatradisie met 'n antagonis geassosieer word. Deur sy kruisiging word 'n karakter soos die diensmeisie, wat eers onderdanig was, bemagtig en gevolglik deur die sopraan vertolk. Die uitkoms van die kruisiging word hierdeur gereflekteer: gewone mense soos die diensmeisie en die persone wat getuig van die kruisiging (die verteller) neem protagonistiese hoofrolle aan.

Musikale karakterisering is aangewend deur spesifieke intervale aan die karakters toe te ken: Petrus met 'n halftooninterval, Pilatus met 'n vierde interval en Jesus met 'n vyfde interval (veral op die woorde "Dit is Ek!"). Die numerologiese merkwaardigheid van die getal vyf word spesifiek met die karakter van Jesus geassosieer weens die Christelike assosiasie met die vyf-puntige ster (met verwysing na die Bethlehemster), die Pentateug (die eerste vyf boeke van die Bybel), die vyf komponente van die tabernakel (Eksodus 26) en die getal vyf as 'n simbool van God se genade. Hierdie getal word meer as 300 keer in die Bybel genoem. In musiek word die interval van 'n vyfde "perfek" genoem omdat dit beskou word as volmaakte konsonansie en die vyf lyne van die notebalk voorsien die basiese raamwerk waarop alle musiek genoteer word.

Net soos die resitatiewe solo-vertellings is die ensemble-gedeeltes toeganklik, maar uitdagend vir die luisteraar. Sommige van die yl harmonieë wat met tye wyd gepasieer is vir die klein ensemble, ondersteun die oproer en krete van die skare. Die afwesigheid van musiekinstrumente lei die luisteraar daartoe om die musiek in die oomblik te ervaar asof dit op daardie stadium plaasvind – daardeur word die luisteraar op 'n geloofwaardige wyse in die narratief ingetrek. Die lirieke is getrou aan die Evangelie van Johannes (spesifiek Johannes 1, 9-12, 16 en 18-19) soos wat dit in die Afrikaanse Bybel gevind word. Die feit dat die teks nie aangepas is nie, bied unieke komposisionele uitdagings en dit is duidelik dat die komponis op die natuurlike infleksies en aksente van die teks staatgemaak het vir die toonsetting.

Die eerste uitvoering van die werk het gepaard gegaan met houtskooltekening deur Ydi Coetsee wat min of meer in dieselfde tyd geskets is as wat die musiek gekomponeer is. Coetsee is 'n jong kunstenaar van Stellenbosch wat haar eerste solo-uitstalling in 2018 by die Rust-en-Vrede Galery gehad het. 'n Treffende skets van Coetsee, een van Jesus aan die kruis, is te sien op die voorkant van die CD-boekie. Verskeie ander sketse is in die boekie geïnkorporeer en 'n skets van 'n doringkroon verskyn op die CD self. Die wedersydse invloede van die twee kunsvorme gee die werk in geheel 'n besondere karakter.

Lüdemann en Berger se soeke na befondsing deur Afrikaanse instansies was tevergeefs en hulle het besluit om 'n buitelandse ensemble te vind. Die Ensemble AmaCantus van Düsseldorf is uiteindelik genader en hulle het ingestem om die werk uit te voer en op te neem met behulp van intensiewe taalafrigting deur David Wolfswinkel. Die CD-opname is in twee sessies gemaak met finansiële bydraes deur die Universiteit van Stellenbosch. Tydens die bekendstelling van die CD in Maart 2020 noem Lüdemann dat hy met twee fundamentele vrae geworstel het in die skep en die uitvoer van hierdie werk: die plek van Afrikaanse musiek in 'n post-apartheid Suid-Afrika en die daarstelling van ernstige Christelike musiek in Afrikaanse kerke. *Die Kruisiging* maak 'n konstruktiewe bydrae tot hierdie onderwerpe wat nuwe geleenthede aan akademici bied vir verdere ontginning en bespreking.

Die Kruisiging bied luisteraars 'n meesleurende passie in Afrikaans, soos vertel deur Johannes, en die rolverdelings ondersteun luisteraars met die narratief en dialoog. Die variasies op "Vervul, o Heer, my hart met stille wyding" word effektief aangebied en geïntegreer by die passie. Die Ensemble AmaCantus kan ook geprys word vir hulle vertolking van hierdie werk in Afrikaans. Soos wat die titel van die werk suggereer, handel dit oor die kruisiging – dus is die opstanding van Jesus onder

andere nie deel van hierdie werk se omvang nie. Dit eindig egter met Lüdemann se weergawe van Johannes 3:16: "Want so lief het God die wêreld gehad", asook die slotwoorde "Kyrie eleison".

Kopieë van die CD is by Winfried Lüdemann (w@sun.ac.za) verkrygbaar teen R180 plus posgeld.